# HOOFSTUK 7

## *DIE GOEWERNEUR-GENERAALSKAP*

## 7.1 INLEIDING

Die ondergeskikte posisie wat Suid-Afrika op konstitusionele gebied teenoor Brittanje in 1910 ingeneem het, is deur die pos van die Goewerneur-generaal weerspieël. Hy het beide die Britse Koning en die Britse Regering verteenwoordig en is deur die Britse Koning op advies van die Britse Eerste Minister aangestel.[1] Hy kon byvoorbeeld weier om 'n Suid-Afrikaanse Wet te onderteken. Die Goewerneur-generaal kon ook voorstelle van die Volksraad en Senaat aan die Koning voorlê, sodat hy sy goed- of afkeuring daarvan kon uitspreek. Daarbenewens kon die Britse Regering aan die Goewerneur-generaal voorskryf oor die wyse waarop Suid-Afrikaanse wetgewing behandel moes word. Die Britse Regering kon ook die Goewerneur-generaal adviseer oor die goed- of afkeuring van Wette voordat hy dit aan die Britse Koning vir ondertekening opgedra het. Die Koning het boonop die reg gehad om enige wetgewing wat die Goewerneur-generaal namens hom goedgekeur het, binne een jaar terug te trek.[2]

Sedert Uniewording op 31 Mei 1910 het verskeie Goewerneurs-generaal die pos beklee. Burggraaf Gladstone was Suid-Afrika se eerste Goewerneur-generaal. Hy is op 8 September 1914 deur burggraaf Buxton opgevolg, wat die pos tot op 3 September 1920 beklee het. Buxton is op sy beurt deur prins Arthur van Connaught opgevolg, wat die amp op 10 Desember 1923 neergelê het. Die graaf Athlone het die pos sedert 21 Januarie 1924 tot by sy aftrede op 9 Desember 1930 beklee. Hy is op 26 Januarie 1931 deur die Graaf van Clarendon opgevolg, wat na 'n verlengde dienstermyn op 19 Maart 1937 sy amp neergelê het.[3]

## 7.2 'N SUID-AFRIKANER AS GOEWERNEUR-GENERAAL

Generaal J.B.M. Hertzog, leier van die NP, het op 27 Oktober 1919 in 'n brief aan provinsiale leiers van die NP die posisie van die Goewerneur-generaal verduidelik.

1 Union of South Africa, ***Statute law of Transvaal***, vol. 3 ..., p.2769.

2 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, pp.480,481.

3 Republiek van Suid-Afrika, ***Parlementêre register, 1910-1961***, pp.1,2.

Volgens hom het die NP nie bloot 'n Suid-Afrikaansgebore burger as sy Goewerneur-generaal verkies nie, maar hulle wou ook 'n aandeel in sy aanstelling gehad het. D.F. Malan, NP-leier in Kaapland, het op 1 November by Hertzog se siening aansluiting gevind toe hy verklaar het dat dit vir hom ewe-eens 'n uitgemaakte saak was dat die volgende Goewerneur-generaal deur Suid-Afrikaners verkies moes word.[4]

Die posisie van die Goewerneur-generaal het na 1926 verander, omdat die 1926-konferensie die Goewerneur-generaal se rol as 'n dubbele verteenwoordiger beëindig het en hy voortaan slegs die Britse Kroon, en nie meer die Britse Regering verteenwoordig het nie.[5] Goewerneur-generaal Clarendon is gevolglik op 26 Januarie 1931 op advies van die Suid-Afrikaanse Regering aangestel.[6]

Tydens die Vrystaatse NP-kongres gedurende Oktober 1928 het Hertzog hom egter uitgespreek teen die wenslikheid dat die volgende Goewerneur-generaal 'n Suid-Afrikaner moes wees.[7] Hierdie wysiging van strategie by Hertzog moet gesien word as deel van sy strewe, veral sedert 1926, om Afrikaans- en Engelssprekendes in 'n hegte eenheid saam te snoer. Die propagering van 'n Suid-Afrikaner as die volgende Goewerneur-generaal van Suid-Afrika kon slegs daartoe lei dat Engelssprekendes in die proses vervreem sou word.

In 'n memorandum aan die Dominiale Kantoor is 'n sekere B.E.H. Clifford se standpunt om nie 'n Suid-Afrikaner as Goewerneur-generaal aan te stel nie, as wys beskou. In sy strewe om die twee blanke taalgroepe saam te snoer, was dit volgens Clifford van groot belang dat Engelssprekendes Hertzog se hande moes sterk. Die gevaar het bestaan dat ekstremiste in sy eie geledere kon verhoed dat Hertzog se ideaal om 'n verenigde Suid-Afrikaanse nasie tot stand te bring, verwesenlik word.[8]

---

4 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, pp.429,430.

5 J.W. Jagger-biblioteek, Universiteit van Kaapstad (UK), Duncan dokumente, BC 294, A15.6: besluite van die Rykskonferensie van 1926 betreffende inter-imperiale verhoudings, 1926.

6 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, p.548.

7 D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...***, pp.160,161; vgl. J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.178.

8 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.178.

Wanneer die houding van die politici en die dagblaaie teenoor die kwessie van 'n Suid-Afrikaansgebore Goewerneur-generaal in Suid-Afrika van nader beskou word, blyk dit dat die standpunte in vier kategorieë ingedeel kan word. Eerstens was daar diegene wat ten gunste van 'n Suid-Afrikaner as Goewerneur-generaal was. Tweedens was daar 'n groep wat die pos van Goewerneur-generaal wou afskaf. 'n Derde groep wou 'n buitestaander in die pos aanstel en vierdens was daar mense wat geen bepaalde standpunt daaroor ingeneem het nie.

In die NP het die algemene opvatting dat 'n gebore Suid-Afrikaner as die Unie se Goewerneur-generaal aangestel moes word, geheers. Daarteenoor was lede van die SAP tevrede dat 'n buitestaander in die pos aangestel kon word. Dié verskil tussen die NP en die SAP is onder andere deur F.C. Erasmus, NP-LV vir Moorreesburg,[9] en ***Die Burger***[10] uitgewys.

Die feit dat die Goewerneur-generaal se termyn in 1935 sou verstryk, was juis die inspuiting vir die debat wat in die tydperk ontstaan het en waarop vervolgens gefokus word.

Een van die aspekte waaroor die Hoofbestuur van die Kaaplandse NP in sy onderhandelinge met Hertzog in Februarie 1934 duidelikheid wou verkry, was of die Unie se volgende Goewerneur-generaal uit Suid-Afrikaanse burgers gekies sou word. 'n Versekering dat laasgenoemde wel die geval sou wees, was vir die Kaaplandse NP 'n belangrike voorvereiste vir hul instemming tot samesmelting wat tussen die NP en die SAP moes plaasvind.[11]

'n Sterk strewe onder Nasionaliste, met Malan aan die voorpunt, om die status quo ten opsigte van die Goewerneur-generaal te verander, was opmerklik. Volgens Malan sou 'n ingevoerde Goewerneur-generaal 'n vernedering vir 'n onafhanklike land wees.[12] Laasgenoemde standpunt het Malan in Maart 1934 herhaal toe hy gesê het dat 'n Goewerneur-generaal van elders 'n erkentenis van 'n land se onbevoegde leierskorps sou wees.[13]

---

9 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.401.

10 ***Die Burger***, 16 Des. 1933: hoofartikel.

11 ***Die Burger***, 16 Feb. 1934: berig.

12 ***Rand Daily Mail***, 14 Feb. 1934: article.

13 ***Die Burger***, 9 Aug. 1934: berig.

Tydens die 1935-Parlementsitting sou Nasionaliste se pleidooi vir 'n Suid-Afrikaner as Goewerneur-generaal voortgesit word. Malan het die kwessie te berde gebring toe hy tydens die Goewerneur-generaal se begrotingspos gevra het of die volgende Goewerneur-generaal van Suid-Afrika 'n Suid-Afrikaner sou wees. Hy het gesê dat daar reeds 'n geruime tyd in Suid-Afrika die gevoel was dat 'n soewerein onafhanklike land soos die Unie 'n gebore burger as sy staatshoof moes hê.[14]

Erasmus het die gevoel van sy leier oor die Goewerneur-generaalskap van die Unie gedeel. 'n Buitelander in die pos sou volgens Erasmus en N.J. van der Merwe, NP-LV vir Winburg, die nasionale selfrespek van die volk aantas.[15] Volgens Van der Merwe wou die volk 'n Suid-Afrikaner as Goewerneur-generaal gehad het en beswaar teen 'n Suid-Afrikaner vir die amp was slegs van diegene afkomstig wat bang was dat nog 'n skakel met die Britse Ryk verbreek sou word.[16]

J.G. Strijdom, NP-LV vir Waterberg, het die standpunt van die NP verder uitgespel met sy mening dat dit onbetaamlik was dat 'n staatshoof 'n burger van 'n ander land is.[17]

Sommige Nasionaliste wou die pos van Goewerneur-generaal summier afgeskaf hê. Daarvan het die uitsprake van Malan en Van der Merwe getuig. Malan het op 14 Junie 1935 op Swellendam gesê dat aangesien die Unie vry en onafhanklik was, die pos van Goewerneur-generaal afgeskaf behoort te word.[18] Hierby het Van der Merwe aansluiting gevind: "As ons absoluut soewerein onafhanklik wil wees, is die hele Goewerneur-generaalskap, of hy van oorsee is al dan nie, 'n hele ongerymdheid."[19]

Hoe het Hertzog oor die Goewerneur-generaalskap gevoel? Hy was steeds bereid om 'n Suid-Afrikaner as Goewerneur-generaal aan te stel, indien die volk so 'n begeerte sou uitspreek. Die saak was egter vir Hertzog so sensitief dat hy nie

---

14 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 7 Mrt. 1935, kol. 2768,2793.

15 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 7 Mrt. 1935, kol. 2785.

16 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 7 Mrt. 1935, kol. 2770,2771.

17 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 7 Mrt. 1935, kol. 2781.

18 ***Die Burger***, 15 Jan. 1935: berig.

19 ***Die Burger***, 23 Feb. 1934: berig; vgl. Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 7 Mrt. 1935, kol. 2771.

bereid was om 'n openbare verklaring oor die toekomstige Goewerneur-generaal te maak nie. Hy het, anders as Malan, gemeen dat die Goewerneur-generaalskap niks met die Unie se onafhanklikheid te doene gehad het nie.[20]

Wanneer Hertzog se standpunt en dié van die NP vergelyk word, het beide 'n ooreenkoms en 'n verskil met betrekking tot Suid-Afrika se Britse konneksie na vore laat kom. Terwyl beide 'n Suid-Afrikaner as Goewerneur-generaal wou gehad het, het Hertzog egter 'n voorwaarde gestel. Die NP het gemeen dat Suid-Afrika se onafhanklike status geensins ruimte vir 'n vreemdeling as Goewerneur-generaal gebied het nie.

Uit die Volksraadsdebat van 1935 was dit duidelik dat die VP nie veel reaksie getoon het op die argument wat die NP geopper het nie. Was dit 'n teken dat die VP nie genoeg skietgoed gehad het nie?

Hierdie lae profiel wat die VP tydens die 1935-sitting gehandhaaf het, was 'n duidelike bewys dat die Regering geensins oortuig was dat die pos van Goewerneur-generaal nie deur 'n Suid-Afrikaner gevul moes word nie. Daarvan het Hertzog se standpunt immers getuig.

Amptenare van die Dominiumkantoor in Engeland het Nasionaliste se redes vir hul betoog ten gunste van 'n Suid-Afrikaner as Goewerneur-generaal bevraagteken. W.H. Clark het die gevoel só beskryf: "Thus once again the time of the House was consumed by the Malanites in the hope of showing desertion in the ranks of the United Party, of discrediting the fusionist Nationalist and of hurting the feelings of the English speaking members who aired their views on this controversial subject."[21]

Clark se opmerking was egter foutief. Malan en sy volgelinge was vasbeslote om Suid-Afrika se soewereine onafhanklike status as 'n praktiese beginsel te verkondig.

Die dagblaaie aan alle kante van die politieke spektrum het vrylik aan die debat oor die Goewerneur-generaalskap deelgeneem. Beide pro- en anti-regeringsgesindes het hulle telkens op die steun van die meerderheid Suid-Afrikaners beroep.

---

20 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 7 Mrt. 1935, kol. 2770.

21 PRO, London, DO, 35/395, file 11005: memorandum from W.H. Clark to J.H. Thomas, 15 Mar. 1935.

Die ***Rand Daily Mail*** het verskil van die bewering dat die meerderheid Suid-Afrikaners 'n Suid-Afrikaanse burger as hul Goewerneur-generaal wou gehad het.[22] Hierby het ***The Star*** sy stem gevoeg. Die blad het, anders as die Nasionaliste, geglo dat die meerderheid van die volk nie 'n Suid-Afrikaner as hul Goewerneur-generaal wou sien nie. Die koerant het dit betwyfel of daar hoegenaamd enige begeerte by Afrikaans- of Engelssprekende burgers bestaan het om 'n Suid-Afrikaanse burger as Goewerneur-generaal te verkry. Vir die koerant was daar, soos vir Hertzog, ook geen verband tussen die Goewerneur-generaal en die Unie se konstitusionele posisie nie. Daaroor het ***The Star*** hom so uitgelaat: "... everyone knows that the suggestion that the appointment of an overseas Governor-General is incompatible with our constitutional freedom and national dignity, is flapdoodle".[23]

Aangesien Smeltergesindes deurgaans bewus gemaak is van die feit dat konstitusionele kwessies akademies en bowendien dood was, sou die argument dat daar geen verband tussen Suid-Afrika se status en die amp van die Goewerneur-generaal bestaan het nie, sekerlik inslag gevind het. Dit was opvallend dat ***The Cape Argus*** nie gekant was teen die aanstelling van 'n Suid-Afrikaner as Goewerneur-generaal nie. Volgens die blad het Suid-Afrika oor genoeg kandidate in die persone van Hertzog, Duncan en Smuts beskik om dié hoë pos te beklee. Vanweë hul politieke konnotasies, wat in die praktyk probleme kon verskaf, sou hulle egter nie geskik wees nie.[24]

Vir ***Die Burger*** was die aanstelling van 'n vreemdeling as Goewerneur-generaal, na die aanname van die Statuswette, 'n bewys dat die uiterste Jingo-seksie binne die Smeltersparty die toon aangegee het.[25] ***Die Volksblad*** het skerp gereageer op die Engelstalige pers se ongeneentheid om die idee van 'n Suid-Afrikaansgebore burger as Goewerneur-generaal te aanvaar. Volgens die blad was die Engelstalige dagblaaie, by name die ***Rand Daily Mail***, se bewerings dat die volk van Suid-Afrika teen die aanstelling van 'n Goewerneur-generaal uit eie geledere gekant was, vals. Hierdie bewering, tesame met die argument dat Suid-Afrika nie oor 'n geskikte landsburger vir die pos beskik het nie, was volgens ***Die Volksblad*** "'n

---

22 ***Rand Daily Mail***, 9 Mar. 1935: editorial.

23 ***The Star***, 4 Mar. 1936: editorial.

24 ***The Cape Argus***, 8 Mar. 1935: editorial.

25 ***Die Burger***, 13 Mrt. 1935: hoofartikel.

ongemotiveerde belediging vir die volk van Suid-Afrika. 'n Onafhanklike volk wat homself so minag is sy onafhanklikheid nie werd nie".[26]

In September 1935 het die Vrystaatse kongres van die VP aangekondig dat die tyd aangebreek het om 'n "landseun" as die volgende Goewerneur-generaal van Suid-Afrika aan te stel. Hertzog het die kongres meegedeel dat sy standpunt daaroor bekend was en dat hy vroeër in die jaar die Koning meegedeel het dat Suid-Afrikaners 'n Goewerneur-generaal uit eie geledere wou hê. Hertzog het die kongres egter ook meegedeel dat lord Clarendon, die Goewerneur-generaal, se ampstermyn met twee jaar verleng is. Engelssprekendes se gevoel moes in ag geneem word en Suid-Afrikaners sou dus tyd gehad het om hulself by die verandering aan te pas, aldus Hertzog. Volgens hom sou 'n Suid-Afrikaanse burger as Goewerneur-generaal 'n groot verandering in Suid-Afrika se verhouding tot Engeland meebring.[27] Vroeër tydens die Parlementsitting was hy egter van mening dat die Goewerneur-generaalskap niks met Suid-Afrika se soewereine onafhanklike status te doen gehad het nie.[28] Hertzog het homself weerspreek in sy poging om nie ondersteuners te vervreem nie.

Die aankondiging dat Clarendon se dienstermyn verleng sou word, het uiteenlopende kommentaar tot gevolg gehad.

Terwyl die ***Rand Daily Mail*** van mening was dat almal bly sou wees om te verneem dat Clarendon se dienstyd as Goewerneur-generaal verleng is,[29] het ***The Natal Mercury*** gereken dat dit sinloos was om hom vir 'n verdere twee jaar aan te stel. Waarom? Die blad was van mening dat daar later net soveel beswaar as gedurende 1935 teen die aanstelling van 'n Suid-Afrikaner as Goewerneur-generaal sou wees. Indien dit Hertzog se erns was om rassevrede te bewerkstellig, sou hy volgens ***The Natal Mercury*** voortgaan om buitelanders in die amp van Goewerneur-generaal aan te stel.[30]

---

26 ***Die Volksblad***, 13 Mrt. 1935: hoofartikel.

27 ***Die Burger***, 11 Sep. 1935: berig.

28 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 7 Mrt. 1935, kol. 2770.

29 ***Rand Daily Mail***, 12 Sep. 1935: editorial.

30 ***The Natal Mercury***, 12 Sep. 1935: editorial.

Op 17 November 1936 het die Regering aangekondig dat Patrick Duncan, Minister van Mynwese en vroeër SAP-LV vir Yeoville, die nuwe Goewerneur-generaal sou word.[31] Duncan het teen 1936 reeds diep spore in die openbare lewe getrap.

Sy loopbaanskets illustreer sy rol in die openbare lewe. Na 'n baie suksesvolle studieloopbaan in Brittanje het hy gedurende die Tweede Vryheidsoorlog na Suid-Afrika teruggekeer. Tussen 1903 en 1907 beklee hy reeds die sleutelposisie van Koloniale Sekretaris van Transvaal. Hy het voor Uniewording 'n groot rol in die bevordering van nouer samewerking tussen kolonies gespeel.

Sy politieke loopbaan is in 1908 as lid van die Progressiewe Party ingelui. Tydens die eerste algemene verkiesing van die Unie in 1910 het hy die Unionisteparty in die kiesafdeling Fordsburg verteenwoordig. Nadat hy tydens die amalgamasie van die SAP en die Unioniste die kiesafdeling Yeoville onbestrede behou het, het hy lid van die Smuts-kabinet geword. Hy het in dié tydperk 'n prominente rol gespeel en het allerweë as generaal Smuts, leier van die SAP, se regterhand bekend gestaan.

Duncan het saam met Havenga ook 'n reuseaandeel in die totstandbrenging van koalisie en samesmelting tussen Hertzog en Smuts gehad.

Duncan was sedert die Botha-bewind, 1910-1919, bereid om as Unionis met die SAP saam te werk. Gevolglik is hy nie as "partyman" gereken nie. Hy het deurgaans daarna gestreef om spanning tussen Afrikaans- en Engelssprekendes uit te skakel. Sy kennis van Afrikaans en begrip vir die Afrikaner en sy hooggeagte integriteit het aan hom die respek en erkenning van baie mense, met inbegrip van sy politieke opponente, besorg.[32]

Met sy aanstelling het die Regering gepoog om beide Afrikaans- en Engelssprekendes tevrede te stel. Aangesien Duncan 'n Engelssprekende Suid-Afrikaner was, het die Hertzog-regering gemeen hy sou 'n aanvaarbare keuse vir albei taalgroepe wees. Die Regering het egter die politieke klimaat met dié besluit verkeerd beoordeel.

---

31 *The Natal Mercury*, 17 Nov. 1936: article.

32 W.J. de Kock (Ed.), *Dictionary of South African Biography*, vol. 1, pp.258-260.

## 7.3 DIE REAKSIE OP DIE AANSTELLING VAN DUNCAN EN SY RIDDERSKAP

***The Natal Mercury*** het reeds in 1935 gerapporteer dat Duncan nie vir Engelssprekendes as 'n Goewerneur-generaal geskik sou wees nie.[33] Volgens die blad was Engelssprekendes geskok toe hulle verneem het van Duncan se aanstelling. Een van die min voorregte wat Engelssprekendes nog gehad het, was om deur die Koning se verteenwoordiger, die Goewerneur-generaal, in kontak met Groot Brittanje te bly. Die koerant was van mening dat Duncan vanweë sy lang en noue politieke betrokkenheid nooit as kandidaat oorweeg moes word nie.[34] ***The Star*** het die Goewerneur-generaal as skakel tussen Suid-Afrika en die Britse Gemenebes van Nasies beskou.[35] Die blad het gemeen dat die nasionale sentiment in Suid-Afrika, of in enige ander Vrygewes, nie sterk genoeg was om 'n Goewerneur-generaal uit eie geledere aan te stel nie.[36] Die aanstelling van 'n Suid-Afrikaansgebore burger as Goewerneur-generaal in Suid-Afrika was dus vir ***The Star*** en ***The Natal Mercury*** betreurenswaardig.

Beide ***The Star*** en Smuts het gemeen dat die aanstelling van Duncan as 'n Suid-Afrikaanse Goewerneur-generaal nie as die begin van 'n gebruik gesien moes word wat in die toekoms noodwendig gevolg sou word nie. Smuts was juis bekommerd daaroor dat Duncan se aanstelling 'n presedent sou skep.[37] Die aanstelling van Duncan was volgens Smuts 'n teken van vertroue wat die Koning in die Unie gestel het. Smuts het die verwagting gekoester dat Suid-Afrika positief sou reageer en 'n sterker gemeenskaplike trou teenoor die Koning sou openbaar. Hy het gevolglik tot die slotsom gekom dat Suid-Afrika se Britse konneksie op die lange duur sou verstewig.[38] Smuts het egter ook die vrees gekoester dat Duncan se aanstelling moontlik die gevolg kon hê dat lede van die VP na die Dominiumparty met sy koloniale ingesteldheid kon oorstap.[39]

---

33 ***The Natal Mercury***, 12 Sep. 1935: editorial.

34 ***The Natal Mercury***, 17 Nov. 1936: editorial.

35 ***The Star***, 17 Nov. 1936: editorial.

36 ***The Star***, 5 Apr. 1936: editorial.

37 ***Die Burger***, 21 Nov. 1936: berig; vgl. ***Rand Daily Mail***, 21 Nov. 1936: report.

38 ***Die Burger***, 21 Nov. 1936: berig; vgl. ***Rand Daily Mail***, 21 Nov. 1936: report.

39 A.J. Fick, ***Die Dominiumparty van Suid-Afrika ...***, p.448.

Benewens die kommentare van ***The Natal Mercury*** en ***The Star,*** waarna hierbo verwys is, het etlike ander Engelstalige dagblaaie Duncan se aanstelling op grond van sy politieke konnotasies veroordeel.[40]

***The Cape Argus*** was, soos Smuts, bekommerd oor die presedent wat die Regering met hierdie aanstelling van Duncan geskep het. Die koerant se mening was dat druk uit die geledere van Republikeine Hertzog genoop het om 'n Suid-Afrikaner as Goewerneur-generaal aan te stel.[41]

Die eintlike rede waarom die Engelstalige pers teen Duncan se aanstelling gekant was, was omdat hulle bekommerd was dat 'n Suid-Afrikaner as Goewerneur-generaal die Britse konneksie sou verslap.

***Die Burger*** het ten dele met ***The Cape Argus*** saamgestem. Eersgenoemde het daarop gewys dat druk uit verskeie politieke oorde gekom het. Provinsiale kongresse van die NP, sowel as die Vrystaatse VP-kongres, het volgens die blad op 'n Suid-Afrikaansgebore Goewerneur-generaal aangedring.[42] ***Die Burger*** het verder aangetoon dat daar oor politieke grense heen steun vir 'n Suid-Afrikaansgebore Goewerneur-generaal was.

***Die Volksblad*** se siening was dat 'n Engelssprekende in die pos van Goewerneur-generaal aangestel is om die Engelssprekendes tegemoet te kom.[43] ***Die Vaderland,*** spreekbuis van die Regering, het gemeen dat versoening van Afrikaans- en Engelssprekendes in die keuse van Duncan as Goewerneur-generaal 'n beslissende rol gespeel het. Die blad het in Duncan die versinnebeelding van versoening gesien soos dit in koalisie en samesmelting gerealiseer het.[44]

Het die Regering daarin geslaag om met Duncan se aanstelling beide Afrikaans- en Engelssprekendes tevrede te stel? As die reaksie van politici, die dagbladpers en lesers as norm geld, dan was die teendeel eerder waar. Terwyl

---

40 Vgl. ***Cape Times***, 17 Nov. 1936: editorial; vgl. ***The Cape Argus***, 21 Nov. 1936: editorial; vgl. ***The Natal Witness***, 19 Nov. 1936: editorial.

41 ***The Cape Argus***, 21 Nov. 1936: editorial.

42 ***Die Burger***, 13 Nov. 1936: hoofartikel.

43 ***Die Volksblad***, 17 Nov. 1936: hoofartikel.

44 ***Die Vaderland***, 17 Nov. 1936: hoofartikel.

Afrikaanssprekendes ongelukkig was oor die feit dat die pos nie deur 'n gebore Suid-Afrikaner gevul is nie, was Engelssprekendes ook ongelukkig met die feit dat Duncan, wat van Britse afkoms was, as 'n Suid-Afrikaner beskou is. Vir hulle was die simboliese betekenis, naamlik die behoud van Suid-Afrika se Britse konneksie, van veel groter waarde.

Afrikaanssprekendes se gevoel van ongelukkigheid is goed deur mev. Sylvia Moerdijk saamgevat. Sy beskou die aanstelling van Duncan as Goewerneur-generaal as "niks minder as bedrog teenoor die Afrikaanse volksdeel ..." en sê dat Duncan "die belange van Groot-Brittanje op veel meer doeltreffende wyse kan behartig as enige ingevoerde Engelsman ...". Sy het tot die slotsom gekom dat Hertzog derhalwe die Britse konneksie handhaaf op 'n beter wyse as wat lord Milner dit self kon doen.[45]

Die waarde wat ongelukkige Engelssprekendes aan die Britse konneksie geheg het, spreek ook duidelik uit die brief van ene Scotsman: "Mr Duncan's appointment is merely the thin edge of a dangerous wedge that is being driven deep into our constitutional fabric ... I fervently desire our connection with Britain to be maintained."[46]

Duncan het nie slegs Goewerneur-generaal geword nie. Hy is ook in Februarie 1937 op aanbeveling van die Unieregering van Hertzog deur koning George VI van Engeland tot ridder geslaan. Dit het beteken dat Duncan voortaan sir Patrick Duncan sou heet.[47]

Die Regering se aanbeveling dat Duncan ridderskap moes ontvang, het insgelyks heelwat kritiek uitgelok. Tydens die Volksraadsitting van 1937 het Malan verklaar dat die besluit teenstrydig was met wat die Parlement in 1925 oor die toekenning van eretitels besluit het.[48] Die besluit het daarop neergekom dat geen Suid-Afrikaner 'n eretitel sou ontvang nie. Malan het na Hertzog se optrede skerp oor hierdie toekenning gereageer: "Daardie verrotte instelling van eretitels, daardie

---

45 ***Die Volksblad***, 24 Nov. 1936: brief.

46 ***The Natal Mercury***, 21 Nov. 1936: letter.

47 P.W. Coetzer & J.H. le Roux (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 4 ..., p.197.

48 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Feb. 1925, kol. 259,260.

vreemde ding wat in die Suid-Afrikaanse gemeenskapslewe nie pas nie, dit neem hy en vryf hy die toekomstige Goewerneur-generaal aan."[49]

Erasmus was van mening dat die Eerste Minister met die titel die Minister van Justisie (Smuts) en sy Ryksgesinde volgelinge tevrede wou stel. Die titel was, volgens Erasmus, 'n belediging van die Unieburgerskap.[50] Hierby het Van der Merwe aangesluit toe hy gesê het dat hy die handelwyse van die Regering afgekeur het. Hy het die hoop uitgespreek dat die volk se oë daardeur oopgemaak sou word.[51]

C.R. Swart, NP-LV vir Ladybrand, het die hele problematiek rondom die Goewerneur-generaalskap, soos Nasionaliste dit gesien het, soos volg opgesom. Smuts se beskouing dat die Regering nog nie 'n beginsel aanvaar het dat alle toekomstige Goewerneurs-generaal Suid-Afrikaanse burgers sou wees nie, was vir hulle 'n bron van kommer. Daarbenewens was die toekenning van 'n titel aan Duncan, as Suid-Afrikaner, 'n vernedering vir Suid-Afrika en boonop 'n onreg teenoor Duncan. Swart het die ironie, soos Nasionaliste dit gesien het, van 'n Suid-Afrikaanse burger as Goewerneur-generaal met 'n vreemde titel, só beskryf: "Hulle gee aan die Suid-Afrikaanse volk 'n geskenk, maar hulle sit 'n laag bitter gif daar om wat dit vir ons volk baie onsmaaklik maak."[52]

Uit die geledere van die AP het ook kritiek teen dié stap van die Regering gekom. John Christie, AP-LV vir Rosettenville, het gesê: "Die Regering het die grootste flater van sy lewe begaan. Dit is 'n flater teen 'n demokratiese volk wat nog steeds lojaal gaan wees aan die Britse konneksie en lojaal aan die Koning wat oor die verskillende dominiums regeer."[53] Christie se opmerking dui daarop dat daar 'n gevoel was dat die Regering met die betiteling van Duncan effe teruggedeins het vir die pas van sy konstitusionele ontvoogding.

In Hertzog se motivering vir sy optrede kan twee redes gevind word. Aangesien die Goewerneur-generaal die Koning verteenwoordig, het sy hoë amp 'n titel

---

49 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 22 Feb. 1937, kol. 2186.

50 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 22 Feb. 1937, kol. 2188,2192.

51 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 22 Feb. 1937, kol. 2199-2201.

52 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 23 Feb. 1937, kol. 2242, 2243.

53 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 23 Feb. 1937, kol. 2223,2224.

geregverdig. Hy was boonop van mening dat die titel by Duncan sou pas aangesien hy 'n waardige verteenwoordiger van die Koning sou wees. Daarbenewens was die Regering van mening dat 'n titel Duncan se aansien onder die publiek sou laat styg het.[54]

## 7.4 SAMEVATTING

Die bekleding van die amp van Goewerneur-generaal deur 'n Suid-Afrikaanse burger was iets waarna menige Suid-Afrikaner uitgesien het. Hierdie aanstelling was nog 'n baken op die pad van Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie.

Sommige, veral Republikeinsgesindes, wou egter 'n Suid-Afrikaansgebore burger as Goewerneur-generaal gehad het. Ander, veral die Ryksgesindes in Natal en Oos-Kaapland, het die aanstelling van Duncan as 'n verlies van 'n belangrike skakel met Brittanje ervaar. Die toekenning van die sirskap aan Duncan was sekerlik Hertzog se troosprys aan 'n ontevrede element binne sowel as buite die VP.

Hierdie strydpunt het die Nasionaliste gewen en hulle het hierdeur geslaag om 'n skakel van die Britse konneksie te verbreek. Die belangrike vraag is hoe hulle dit reggekry het. Hertzog se positiewe houding, druk vanuit verskeie oorde en teëstanders se gebrek aan 'n stewige en waterdigte standpunt daarteen, het waarskynlik die deurslag gegee.

---oOOo---

54 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 22 Feb. 1937, kol. 2195-2199.